**Die tabernakel en die gelowige se verlossing**

**Eks 24:12 – 40:38**

**7 Julie 2024**

1. Vantevore: Derde deel van Eksodus = dankbare respons op verlossing. Eerste fokus in hierdie derde deel = Wet van die Here, toegepas in die boekrol van die verbond
2. Tweede fokus in derde deel van Eksodus = Tabernakel
3. Moses word weer deur die Here geroep – wag ses dae, bly vir 40 dae – dus belangrik
4. Tabernakel = heiligdom waar die Here onder die volk kan woon (Eks 25:8-9)
5. Tabernakel se voorskrifte is groot deel van Eksodus: Eks 25-31 – voorskrifte van die Here, Eks 35-40 – bou en oprigting van die tabernakel
6. Moses moes seker maak alles is gebou volgens die Here se voorskrifte (Eks 39:42-43, 40:19, 21, 23, 25, 27, 29, 32)
7. Uitleg van tabernakel: Middel van die kamp
    a. Kringe van heiligheid: buite die kamp – heidene, binne die kamp – uitverkore volk, Voorhof – rein lede van volk, Heilige – priesters, Allerheiligste – hoëpriester
    b. Meublement:
        - Brandofferaltaar (Eks 27:1-8) – voorhof, doringhout en brons
            - NT: 1 Pet 1:19, Op 5:6, Heb 10:5
        - Bronswaskom (Eks 30:17-21) – voorhof, brons
            - NT: 1 Kor 6:11, Op 7:14
        - Kandelaar (Eks 25:31-40) – Heilige, goud
            - NT: Joh 1:9, 1 Joh 1:7, Op 1:20, Op 11:3-4, Fil 2:15
        - Tafel met die toonbrode (Eks 25:23-30) – Heilige, doringhout en goud
            - NT: Joh 6:32-35, 1 Kor 11:23-26
        - Wierookaltaar (Eks 30:1-10) – Heilige doringhout en goud
            - NT: Op 8:3-4
        - Verbondsark (Eks 25:10-22) – Allerheiligste, doringhout en goud
            - NT: Op 11:19
8. Die Here se verlossingsproses
    a. Rom 8:29-30: nie almal word verlos nie, verskeie stappe in verlossingsproses
    b. Stappe in verlossing: Uitverkiesing, roeping, wedergeboorte, bekering, geloof, regverdigmaking, heiligmaking, heerlikmaking
9. Die tabernakel as uitbeelding van die Here se verlossingsproses:
    a. Uitverkiesing uitgebeeld in uitverkore volk wat nie tussen heidennasies woon nie, maar wel in die kamp rondom die tabernakel
    b. Roeping, wedergeboorte, bekering, geloof word uitgebeeld in lede van volk wat in die voorhof inkom (vgl 1 Kor 3:9b – gelowiges is die gebou van God)
    c. Regverdigmaking word uitgebeeld in die voorhof: Sonde van die gelowige word aan die offer op die brandofferaltaar toegereken, geregtigheid van die Lam word aan die gelowige toegereken as hy hom was in die waskom.
    d. Heiligmaking word uitgebeeld in die Heilige: Wandel in die lig van die kandelaar (Jesus is die Lig), eet van die toonbrood op die tafel (Jesus is die ware brood), bid (gebede styg saam met wierook van die wierookaltaar op)
    e. Heerlikmaking word uitgebeeld in die Allerheiligste: Jesus het toegang tot Allerheiligste bewerk – gelowiges gaan in met hulle afsterwe
    f. Vergelyk: Ef 5:26, 1 Pet 2:9